HERBETREDINGSINTERVAL: Moenie behandelde gebied binne 24 uur na toediening betree of alvorens die spuitneerslag droog is nie, tensy beskermende oorklere gedra word. Beskermende oorklere moet gewas word na gebruik.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander produkte wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand teen die betrokke middel, sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effekte op mens of dier of vir 'n gebrek aan doeltreffendheid, as gevolg van die versuim van die gebruiker om die etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMAATREËLS

Indien mediese advies benodig word, hou die produkhouer of -etiket byderhand.
Hou buite bereik van kinders.
Lees sorgvuldig en volg alle instruksies.
Verkry, lees en volg alle veiligheidsinstruksies voor gebruik.
Vermy die inaseming van poeier/walm/gas/stuifsel/dampe/spuitstof.
Gebruik slegs buitenshuis of in 'n goed geventileerde area.
Vermy vrystelling in die omgewing.
Dra beskermende handskoene, beskermende klere, oog- en gesigbeskerming.
Was hande en blootgestelde vel deeglik na hantering. Moet nie aan oë raak nie.
INDIEN OP VEL: Was met baie seep en water.
INDIEN INGEASEM: Neem slagoffer na vars lug en hou gemaklik vir asemhaling.
INDIEN IN OË: Spoel versigtig met water vir etlike minute. Verwyder kontaklense indien aanwesig en maklik om te verwyder. Hou aan met spoel.
Indien blootgestel of besorg, verkry mediese advies.
Verkry mediese hulp indien jy ongesteld voel.
Vir spesifieke behandeling sien noodhulp instruksies op hierdie etiket.
Indien velirritasie ontstaan: Kry mediese hulp.
Indien oogirritasie voortduur: Kry mediese hulp.
Trek alle besoedelde klere uit en was dit voor hergebruik.

Maak stortsel bymekaar.
Berg in 'n goed geventileerde plek. Hou houer dig toe.
Berg agter slot en grendel.
Raak ontslae van inhoud en houer in ooreenstemming met nasionale regulasies.

SPOEL DIE LEË HOUER DRIE MAAL SOOS VOLG: Keer die leë houer om oor die spuit- of mengtenk en dreineer vir minstens 30 sekondes totdat die vloei tot 'n gedrup verminder het. Spoel daarna die leë houer drie keer uit met vars water, teen 'n kwart van die houer se volume, en giet die spoelwater in die spuit- of mengtenk. Kap gate in die drie keer gespoelde houer, waarna dit aan 'n goedgekeurde versamelaar of verwerker oorhandig moet word (www.croplife.co.za). Moet nie die houer begrawe, verbrand of aan enige ander partye skenk wat dit as houer vir voedsel of drinkgoed mag gebruik nie.

RELEVANTE STOWWE:

Difenokonasool (Cas nr: 119446-68-3) Oogirritasie Kategorie 2, H319; Karsinogeen Kategorie 2, H351; Waterlewend Akuut Kategorie 1, H400; Waterlewend Kronies Kategorie 1, H410 (25 % m/v).
Propileenkarbonaat (Cas nr: 108-32-7) Oogirritasie Kategorie 2, H319 (<50 % m/v).
N,N-dimetyldekan-1-amied (Cas nr: 14433-76-2) Velirritasie Kategorie 2, H315; Oogirritasie Kategorie 2, H319; Giftig vir Spesifieke Teikenorgane, Eenmalige Blootstelling Kategorie 3, H335 (< 30 % m/v).

NOODHULPBEHANDELING

In geval van 'n ongeluk of as jy onwel voel, verkry onmiddellik mediese advies en wys hierdie ETIKET waar moontlik

INASEMING:	• Neem die slagoffer weg van die onmiddellike bron van blootstelling. Verskuif die slagoffer na vars lug as dit veilig gedoen kan word en hou gemaklik. Indien die slagoffer ophou asemhaal, pas kunsmatige asemhaling toe. • MOENIE mond-tot-mond-asemhaling toepas indien die slagoffer die stof opgeneem of ingeasem het nie; was gesig en mond voordat kunsmatige asemhaling toegepas word. Gebruik 'n sakmasker toegerus met 'n eenrigtingklep of ander geskikte mediese asemhalingtoestel. • Dien suurstof toe as die slagoffer se asemhaling moeilik of onreëlmatig is. Kry mediese hulp.
VEL:	• Verwyder en isoleer besmette klere, skoene en leergoedere dadelik en stort. • Spoel aangetaste areas (vel) dadelik met nieskurende seep of sagwerkende wasmiddel en groot hoeveelhede lopende water. Was besmette klere voor hergebruik. • Kry mediese hulp indien irritasie ontwikkel en voortduur.
OË:	• Spoel oë ONMIDDELLIK met skoon lopende water vir ten minste 15 minute terwyl die ooglede vanmekaar gehou word. Verwyder kontaklense na 5 minute indien aanwesig en maklik om te doen. Hou aan met spoel terwyl ooglede vanmekaar gehou word. Kry mediese hulp indien irritasie voortduur.
OPNEMING:	• Indien ingesluk, MOENIE vomering induseer nie, tensy 'n gifsentrum of dokter opdrag gee om dit te doen. • Laat die persoon slukkies water neem indien dit moontlik is om te sluk. Moet nooit iets per mond aan 'n bewustelose persoon gee nie. Indien die persoon wel vomeer, hou aan om vloeistowwe te gee. Verkry mediese noodhulp.
NOTA AAN GENEESHEER:	• Daar is nie 'n spesifieke teenmiddel nie. Alle behandeling moet gebaseer word op waargenome tekens en simptome van nood by die pasiënt.
MOONTLIKE GESONDHEIDSGEVOLGE, AKUUT EN VERTRAAGD:	• Geen beduidende nadelige effekte is aangemeld nie. Geringe oogirritasie kan voorkom. Gevolge van blootstelling (inaseming, opneming of velkontak) aan stof kan vertraag wees.

WEERSTANDSWAARSKUWING

Vir weerstandsbestuur: DEFCON 250 EC is 'n FRAC* groepkode **(3)** swamdoder. Enige populasie van 'n spesifieke swam mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **DEFCON 250 EC** of enige ander groepkode **(3)** swamdoders het. Indien hierdie swamdoders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die swampopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende swamme sal waarskynlik nie deur **DEFCON 250 EC** of enige ander groepkode **(3)** swamdoders beheer word nie.

Om weerstand te voorkom of te vertraag:

- Vermy die herhaaldelike gebruik van swamdoders met dieselfde swamdoder groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van produkte in verskillende swamdoder groepkodes.
- Raadpleeg toepaslike individuele produketikette wanneer daar afgewissel word, of tenkmengsels gemaak word, met produkte in ander swamdoder groepkodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in swamdoder programme.
- Waar weerstand bekend is of vermoed word, moet **DEFCON 250 EC** nie alleen toegedien word nie, maar in kombinasie met swamdoders van 'n ander swamdoder groep kode. Hierdie bestuurstrategie om weerstand te voorkom, moet egter nie swamdoder produkte insluit waar weerstand in die verlede aangemeld is nie, of dieselfde werkswyse het nie.
- Om die effektiwiteit van **DEFCON 250 EC** te handhaaf, is dit belangrik om die ontwikkeling van siekteweerstand teen groep (**3**) swamdoders te voorkom.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk of jou plaaslike verskaffer.

*FRAC – Fungicide Resistance Action Committee. Besoek die FRAC webtuiste by https://www.frac.info/ vir meer inligting.

WERKINGSWYSE

Difenokonasool is 'n sistemiese triasool swamdoder wat aan die sterolbiosintese-inhibeerders (FRAC groepkode 3) behoort. Dit werk deur C14-demetielase, 'n noodsaaklike ensiem in die ergosterolbiosinteseweg, te inhibeer. Die ontwrigting van ergosterolproduksie belemmer die vorming van die swamselmembraan en inhibeer sodoende die groei en ontwikkeling van die patogeen. Na toediening word difenokonasool deur die blare geabsorbeer en toon dit plaaslike sistemiese en translaminêre beweging, met beperkte akropetale translokasie in die xileem. Hierdie eienskappe maak beide voorkomende en kuratiewe werking teen 'n breë spektrum van swamsiektes by plante moontlik.

GEBRUIKSBEPERKINGS

- Dien **DEFCON 250 EC** voorkomend of met die aanvang van siekteontwikkeling toe, soos aangedui in die toedieningstabel.

- Gebruik slegs die aanbevole dosisse soos op die etiket aangedui, MOENIE die aanbevole dosisse verlaag nie.
- **DEFCON 250 EC** moet as ’n voldekbespuiting aangewend word, tensy anders aangedui.
- Wanneer ’n tenkmengsel gebruik word, of met ander swamdoders gewissel word, gebruik slegs geregistreerde produkte wat voldoende siektebeheer verskaf wanneer dit alleen teen die aanbevole dosis toegedien word.
- Die opname en sistemiese werking van **DEFCON 250 EC** kan nadelig beïnvloed word wanneer gewasse aan toestande van stres onderwerp word, insluitend voedingstof- en droogteverwante stres. Toedienings moet dus vermy word terwyl gewasse sodanige toestande ondervind.
- MOENIE **DEFCON 250 EC** toedien indien reën binne twee (2) ure na toediening verwag word nie.

GEBRUIKSAANWYSINGS – gebruik slegs soos aangedui

VERENIGBAARHEID:

DEFCON 250 EC is verenigbaar met die meeste swamdoders, insekdoders en mytdoders. Die verenigbaarheid van **DEFCON 250 EC** met ander produkte hang af van die formulasie van die verskeie produkte sowel as die kwaliteit van die spuitwater wat gebruik gaan word. Aangesien die formulasies van ander produkte van tyd tot tyd sonder ons wete kan verander, en die kwaliteit van die spuitwater tussen produksie eenhede ook kan verskil, word dit aanbeveel dat ’n kleinskaalse fisiese verenigbaarheidstoets voor die opmaak van ’n tenkmengsel uitgevoer moet word. Raadpleeg altyd die etikette van die produkte wat met **DEFCON 250 EC** in ’n tenkmengsel gemeng word.

MENGINSTRUKSIES:

Vul die spuittenk met skoon water tot halfvol. Meet die hoeveelheid **DEFCON 250 EC** wat benodig word af, en meng dit vooraf met minstens 10 ℓ water. Meng enige ander produkte wat in die tenkmengsel moet kom afsonderlik en op dieselfde wyse as laasgenoemde. Let op die volgende mengvolgorde van die formulasies indien ander produkte saam met **DEFCON 250 EC** in ’n tenkmengsel toegedien word: Buffer/versuurder, benatbare poeiers, waterdispergeerbare korrels, suspensie konsentrate, emulgeerbare konsentrate en oplosbare konsentrate laaste. Voeg produkte wat in wateroplosbare materiaal verpak is eerste by en **DEFCON 250 EC** daarna. Vul spuittenk met skoon water tot by finale volume terwyl dit voortdurend gemeng word. MOENIE toelaat dat die mengsel uitsak nie. **DIE TENKMENGSEL MOET ONMIDDELLIK UITGESPUIT WORD EN NIE TOEGELAAT WORD OM OORNAG IN DIE SPUITTENK TE STAAN NIE.** Spuittoerusting moet deeglik uitgespuit/skoongemaak word na afloop van toediening. Plaas die prop onmiddellik na gebruik terug op die produkhouer.

MAAK SPUITTOERUSTING ONMIDDELLIK NA GEBRUIK SKOON: Spesiale aandag en versorging moet tydens die skoonmaak van alle toerusting wat in die meng- en toedieningsproses van **DEFCON 250 EC** gebruik is, toegepas word om skade aan ander gewasse te voorkom.

GRONDTOEDIENING:

- **DEFCON 250 EC** kan met ’n konvensionele hoë volume spuitapparaat toegedien word. Die spuitpunte moet met holkeëlspuitkoppe toegerus word wat medium tot fyn druppels verseker.
- Vir **rygewasse**, dien **DEFCON 250 EC** in ’n spuitmengselvolume van 300 – 500 ℓ per ha toe.
- Maak seker dat die spuitapparaat korrek gekalibreer is, en gaan gereeld na sodat die korrekte dosis en bedekking toegedien word.
- Die verspreiding van die spuitmengsel oor die teikengebied moet uniform wees. Moenie dat die toedienings oorvleuel nie, aangesien dit gewasse kan beskadig.
- Verseker deeglike bedekking van die hele plant (insluitend die stele en blare) deur genoegsame watervolumes en toepaslike spuittoerusting te gebruik.
- Aangesien **DEFCON 250 EC** nie teen ’n verlaagde spuitvolume geëvalueer is nie, kan die registrasiehouer nie die effektiwiteit waarborg of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige gevolge indien hierdie produk teen ’n laer spuitvolume as wat aanbeveel word, toegedien word nie.
- Moenie **DEFCON 250 EC** toedien indien reën binne twee (2) ure na toediening verwag word nie.
- Vermy drywing na ander gewasse, weiding, riviere, damme en ander nie-teiken areas.

LUGTOEDIENING:

VERMY SPUITSTOF WEGDRYWING TEN ALLE TYE

Lugtoediening van **DEFCON 250 EC** mag slegs deur ’n geregistreerde lugbespuitingsoperateur en met akkurate gekalibreerde vliegtuie, soos deur SANS 10118 (Aerial Application of Agricultural Remedies) instruksies vereis, uitgevoer word. Dit is belangrik om te verseker dat die spuitstof eweredig oor die teiken area versprei word en dat die verlies van spuitstof gedurende toediening tot ’n minimum beperk word. Deeglike bedekking is van kardinale belang vir effektiewe resultate. Gebruik slegs op gewasse soos in die etiket aangedui word. Dit is van belang dat die volgende kriteria gevolg word:

TOEDIENINGSRIGLYNE:

- Volume: ’n Minimum volume spuitmengsel van 30 – 40 ℓ water/ha word aanbeveel behalwe indien anders in die toedieningstabel aanbeveel word. Aangesien **DEFCON 250 EC** nie teen ’n verlaagde volume toediening geëvalueer is nie, kan die registrasiehouer nie effektiwiteit waarborg of verantwoordelik vir enige nadelige gevolge gehou word, indien hierdie produk teen ’n verlaagde volume aangewend word as wat aanbeveel is nie.
- Druppelbedekking: ’n Druppelbedekking van 25 – 35 druppels per vierkante sentimeter (cm^2) moet op die teikenarea herwin word.
- Druppelgrootte: ’n Druppelspektrum met ’n VMD van 280 – 300 mikron (µm) word aanbeveel. Beperk die produksie van druppels kleiner as 150 mikron (hoë drywing en verdampingspotensiaal) tot ’n minimum.
- Vlieghoogte: Handhaaf die hoogte van die spuitbalk bo die teiken op 3 – 4 m. Moenie spuit wanneer vliegtuig duik, uitklim of draai nie.
- Stel alle inwoners in die onmiddellike omgewing van die gebied wat bespuit gaan word in kennis en reik die nodige waarskuwings uit.

APPARAAT:

- Gebruik geskikte atomiseringsapparaat (hidrouliese spuitkoppe of roterende atomiseerders) wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar die minste verlies van produk verseker.
- Die operateur moet die spuitstelsel so oprig dat dit ’n druppelspektrum met die kleinste moontlike relatiewe span produseer.
- Alle spuitkoppe of atomiseerders moet in die binneste 60 – 75 % van die vlerkspan geplaas word om te verhoed dat druppels binne-in die vlerkpuntvorteks beweeg.

METEOROLOGIESE TOESTANDE:

- Die verskil in temperatuur tussen die nat- en droë-boltermometer van ’n swaaihigrometer, moenie 8 °C oorskry nie.
- Stop bespuiting indien die windspoed 15 km/h oorskry of verlaag tot laer as 5 km/h.
- Stop bespuiting tydens turbulente, onstabiele en droë toestande gedurende die hitte van die dag.
- Bespuiting onder temperatuur inversie toestande (deur bo of binne die inversie laag te spuit) en/of hoë lugvog toestande (relatiewe humiditeit 80 % en meer) mag tot die volgende probleme aanleiding gee:
  - verlaagde doeltreffendheid aangesien die druppels as ’n wolk in die lug bly hang en moontlik verdamp (onvoldoende bedekking op teiken),
  - skade aan nie-teiken gewasse of sensitiewe areas as gevolg van wegdrywing van die spuitwolk na nie-teiken areas.
- Onder die volgende klimaatstoestande kan drywing tot en met 3 – 5 km vanaf die naaste bespuitingsroete van die vliegtuig voorkom:
  - Bewolkte weer met relatiewe humiditeit van 80 % en lae lugbeweging van minder as 5 km/h.
  - Wanneer sulke toestande voorkom moet lugtoediening NIE uitgevoer word waar sensitiewe gewasse, gewassaailinge of bladwisselende vrugtebome, bv. appels in bot- of vroeë ontwikkelingstadiums, binne 5 km vanaf die naaste bespuitingsroete van die vliegtuig voorkom nie.

- Verseker dat teiken areas akkuraat gemerk is en dat die lugbespuitingsoperateur presies weet watter areas gespuit moet word. Voorsien die vlieënier met duidelike aanwysings van watter areas behandel moet word, verkieslik d.m.v. 'n kaart of GPS koördinate. Dui aanliggende omgewingssensitiewe areas of sensitiewe aangrensende gewasse, byekorwe of waterbronne wat deur die plaagdoder geaffekteer kan word aan.
- Verkry 'n versekering van die lugbespuitingsoperateur dat daar aan al die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat data van belang in 'n logboek saamgevat sal word vir toekomstige verwysing.
- Moenie **DEFCON 250 EC** toedien indien reën binne twee (2) ure na toediening verwag word nie.

TOEDIENINGSTABEL		
GEWAS en SIEKTE	**DOSIS**	**AANBEVELINGS**
AARTAPPELS **Vroeë roes** (*Alternaria solani*)	**Grond- en Lugtoediening:** 350 mℓ – 500 mℓ/ha	▸ Dien **DEFCON 250 EC** as deel van 'n voorkomende spuitprogram teen 7 – 14 dae spuitintervalle toe. ▸ Begin die spuitprogram voor blom, of vroeër indien Alternaria-simptome waargeneem word. ▸ Gaan voort met toedienings tot natuurlike afsterwing ("*senescence*") van die gewas plaasvind. ▸ Gebruik die hoër dosis wanneer toestande gunstig is vir siekteontwikkeling. ▸ Moenie meer as twee (2) opeenvolgende **DEFCON 250 EC** toedienings aanwend voordat daar met 'n swamdoder vanuit 'n ander FRAC groep afgewissel word nie. ▸ Vir grondtoediening: Dien toe in ongeveer 500 ℓ water/ha om voldoende bedekking te verseker. ▸ Vir meer doeltreffende bedekking, dien **DEFCON 250 EC** saam met 'n geskikte geregistreerde poliëter-polimetielsiloksaan-kopolimeer nie-ioniese byvoegingsmiddel/benatter, teen die aanbevole etiketdosis toe.
APPELS & PERE **Skurf** (*Venturia inaequalis*)	**Hoë Volume Toediening per 100 ℓ water:** 6 mℓ **DEFCON 250 EC** PLUS 100 mℓ captab 500 SC OF 75 g mancozeb 75 WG GEVOLG DEUR 45 mℓ dithianon 500 SC	▸ Dien **DEFCON 250 EC** + captab 500 SC of mancozeb 75 WG, gevolg deur dithianon 500 SC, in 'n voorkomende spuitprogram toe. Dien as 'n voldekbespuiting tot afloop toe, of as 'n lae-volume aanwending met minstens 'n ¼ van die watervolume. ▸ Wanneer 'n voorkomende kontak-swamdoder spuitprogram gevolg word, kan **DEFCON 250 E**C as 'n kuratiewe behandeling binne vier (4) dae na die begin van 'n infeksieperiode toegedien word. Dien in sulke gevalle 10 mℓ **DEFCON 250 EC** + 100 mℓ captab 500 SC of 75 g mancozeb 75 WG per 100 ℓ water toe. ▸ Captab en mancozeb kan vervang word met ander kontak swamdoders. ▸ Kuratiewe toedienings moet slegs gemaak word indien 'n betroubare siektevoorspelling-sisteem in plek is. ▸ **Spuitintervalle volgens ontwikkelingsstadia:** • Vanaf groenpunt tot voor-blom: Elke 7 dae. • Na-blom: Elke 10 – 14 dae. • Gaan daarna voort met dithianon 500 SC teen 45 mℓ/100 ℓ water en in 14-dae intervalle • Verander na 'n voorkomende kontak-swamdoder spuitprogram in Desember. ▸ **<u>Weerstandsbestuur</u>**: Moenie meer as vier (4) **DEFCON 250 EC** toedienings per seisoen oorskry nie.

Water volume (ℓ) per hektaar (ha) benodig vir voldekbespuiting volgens boomryvolume (BRV) berekening:

Boomhoogte en -deursnee moet in die somer gemeet word wanneer bome vol blaar is. Gebruik die water volume per hektaar om die vereiste hoeveelheid **DEFCON 250 EC** per hektaar, afhangende van die verskeie groeistadiums, te bereken. Dit is belangrik dat die korrekte hoeveelheid **DEFCON 250 EC** per hektaar toegedien word.

- **<u>BRV</u>** <u>(Vanaf groenpunt tot ± 30 % blom)</u>
  ℓ water/ha = [(Boomhoogte X Boomdeursnit X 937)/Rywydte] X 60 %
- **<u>BRV</u>** <u>(Vanaf ± volblom tot ± mid November (middel seisoen))</u>
  ℓ water/ha = [(Boomhoogte X Boomdeursnit X 937)/Rywydte] X 80 %
- **<u>BRV</u>** <u>(Vanaf ± begin van Desember)</u>
  ℓ water/ha = [(Boomhoogte X Boomdeursnit X 937)/Rywydte] X 100 %

BONE **Bruinroes** (*Uromyces appendiculatus*)	**Grondtoediening:** 250 mℓ/ha elke 10 – 14 dae OF 325 mℓ/ha elke 18 – 21 dae (droë bone) **Lugtoediening:** 300 mℓ/ha elke 10 – 14 dae (droë bone)	▸ Dien **DEFCON 250 EC** as deel van ’n voorkomende spuitprogram toe. ▸ Begin toedienings aan die begin van blom, of vroeër vir hoogs vatbare kultivars, of sodra aanvanklike siektesimptome waargeneem word. ▸ Gaan voort met toedienings tydens aktiewe groei totdat die gewas natuurlike afsterwing (“*senescence*”) nader. ▸ Verseker deeglike bedekking ten alle tye. ▸ Vir meer doeltreffende bedekking, dien **DEFCON 250 EC** saam met ’n geskikte geregistreerde poliëter-polimetielsiloksaan-kopolimeer nie-ioniese byvoegingsmiddel/benatter, teen die aanbevole etiketdosis toe.
GEELWORTELS **Blaarskroei** (*Alternaria dauci* & *Cercospora carotae*)	**Grondtoediening:** 300 mℓ/ha OF 500 mℓ/ha	▸ Dien **DEFCON 250 EC** as deel van ’n voorkomende spuitprogram toe, voor die aanvang van siekteontwikkeling. ▸ Beperk Groep 3 swamdodertoedienings tot tydperke wanneer toestande gunstig is vir siekteontwikkeling. ▸ Gebruik die laer dosis met 7-dae intervalle. ▸ Gebruik die hoër dosis met 10 – 14-dae intervalle wanneer siektedruk hoog is. ▸ Moenie meer as twee (2) opeenvolgende **DEFCON 250 EC** toedienings aanwend voordat daar met ’n swamdoder vanuit ’n ander FRAC groep afgewissel word, of ’n tenkmengsel daarmee toegedien word nie. ▸ Moenie meer as ses (6) **DEFCON 250 EC** toedienings per seisoen oorskry nie. ▸ Die vermindering van inokulum deur gewassanitêre praktyke, byvoorbeeld die verwydering van opslagplante, wisselbou, die inploeg, diep begrawe, of verwydering en kompostering van gewasreste na oes, sal bydra tot siektebeheer.
GRONDBONE **Vroeë blaarvlek** (*Cercospora arachidicola*)	**Grondtoediening (droëland):** 300 mℓ/ha GEVOLG DEUR 200 mℓ/ha elke 10 – 14 dae OF 325 mℓ/ha elke 18 – 21 dae **Grondtoediening (besproeiing):** 300 mℓ/ha elke 10 – 14 dae OF 400 mℓ/ha elke 18 – 21 dae **Lugtoediening:** 350 mℓ/ha elke 14 – 21 dae (droëland) OF elke 10 – 14 dae (besproeiing)	▸ Dien **DEFCON 250 EC** as deel van ’n voorkomende spuitprogram toe. ▸ Begin **DEFCON 250 EC** toedienings aan die begin van blom (ongeveer 10 – 12 weke na plant), of vroeër indien siekteontwikkeling voorkom. ▸ Gaan voort met alle spuitprogramme totdat die plante natuurlik begin afsterf. ▸ Vir meer doeltreffende bedekking, dien **DEFCON 250 EC** saam met ’n geskikte geregistreerde poliëter-polimetielsiloksaan-kopolimeer nie-ioniese byvoegingsmiddel/benatter, teen die aanbevole etiketdosis toe. ▸ Lugtoediening van **DEFCON 250 EC** moet slegs as ’n noodmaatreël oorweeg word wanneer toestande ongunstig vir grondtoediening is.
KANOLA **Stamkanker (sin. Swartstam)** (*Leptosphaeria maculans* Anam. *Phoma lingam*)	**Grondtoediening:** 500 mℓ/ha	▸ Dien **DEFCON 250 EC** as deel van ’n voorkomende spuitprogram toe. ▸ Vir **stamkanker (swartstam)**: Dien toe na die 4-blaarstadium, sodra siektesimptome waargeneem word. ▸ ’n Opvolgtoediening mag nodig wees indien simptome weer voorkom. ▸ Moenie meer as twee (2) **DEFCON 250 EC** toedienings per seisoen oorskry nie.
MIELIES EN SUIKERMIELIES **Grysblaarvlek** (*Cercospora zeae-maydis*)	**Grondtoediening:** 300 mℓ/ha	▸ Begin **DEFCON 250 EC** toedienings sodra siekte op die onderste blare waargeneem word, maar voordat meer as 2 % van die totale blaaroppervlak besmet is en voordat die drie blare onder die kop simptome wys. ▸ ’n Opvolgtoediening mag nodig wees 14 – 21 dae later.
Noordelike blaarskroei (*Exserohilum turcicum*)		▸ Begin **DEFCON 250 EC** toedienings met die eerste tekens van siekte. ▸ Toedienings moet begin voordat meer as 2 % van die totale blaaroppervlak besmet is. ▸ Dien ’n opvolgtoediening 14 – 21 dae later toe.

WAARSKUWING:

MIELIETOEDIENINGS: Die risiko van gestremde kopontwikkeling of “Arrested Ear Syndrome” (AES) op mielies neem dramaties toe wanneer enige toedienings (gewasbeskermingsprodukte, kunsmis, blaarvoeding, byvoegmiddels, ens.) tussen die V10 – VT (10de blaar tot pluim verskyning) stadiums toegedien word. Toedienings tussen die V10 – VT groeistadiums van die gewas moet sover moontlik vermy word.

NEUTBOME **(Amandels, Kasjoeneute, Kastaiings, Makadamias, Pekanneute, Pistachios en Okkerneute)** **Vrughulselvlek** (*Pseudocercospora* spp.)	**Grondtoediening:** 50 mℓ/100 ℓ water	▸ Dien **DEFCON 250 EC** in ’n voorkomende spuitprogram toe saam met swamdoders van verskillende FRAC groepkodes. ▸ Begin toedienings met die aanvang van neutset en gaan voort met drie (3) – vier (4) weke intervalle. ▸ Moenie meer as twee (2) **DEFCON 250 EC** toedienings per seisoen oorskry nie. ▸ Verseker deeglike bedekking. ▸ Vir meer doeltreffende bedekking, dien **DEFCON 250 EC** saam met ’n geskikte geregistreerde poliëter-polimetielsiloksaan-kopolimeer nie-ioniese byvoegingsmiddel/benatter, teen die aanbevole etiketdosis toe.
SIERPLANTE (ORNAMENTELE) (insluitend Angeliere, Gladiolus, Hypericum-blomme, Irisse en Rose) **Blaarvlek** (*Mycosphaerella* spp.)	**Grondtoediening:** 500 mℓ/ha	▸ Begin **DEFCON 250 EC** toedienings sodra die eerste simptome waargeneem word, of wanneer toestande gunstig is vir siekteontwikkeling. ▸ Herhaal toedienings met 7 – 14-dae intervalle. ▸ Gebruik die korter spuitinterval onder toestande van hoë siektedruk.

SITRUS
Nawels, Clementines en Mandaryne
 	
Nawel-endverrotting / Swartkernverrotting
(*Alternaria citri*)
	Grondtoediening:
	40 – 60 mℓ/100 ℓ water
		▸ Dien twee (2) aanwendings toe:
		  ▸ Eerste toediening met 50 % blomblaarval.
		  ▸ Tweede (en finale) toediening met 100 % blomblaarval.
		▸ Dien toe as ’n medium dekbespuiting, met ongeveer 20 ℓ spuitmengsel per boom, afhangende van boomgrootte en blaardigtheid.
		▸ Gebruik die hoër dosis in areas en boorde met ‘n geskiedenis van Alternaria-siektes.
		▸ **Seisoenale limiet:** Die totale hoeveelheid **DEFCON 250 EC** toedienings moenie 3 ℓ/ha per seisoen oorskry nie. Die laaste toediening moet plaasvind met 100 % blomblaarval.
		▸ Dien twee (2) **DefCon 250 EC** toedienings toe as deel van ‘n seisoenlange spuitprogram vir die beheer van Alternaria-bruinvlek (*Alternaria alternata*), tesame met swamdoders uit ander FRAC groepe.

Bruinvlek (*Alternaria alternata*)	**Grondtoediening:** 40 – 60 mℓ/100 ℓ water PLUS 200 g/100 ℓ water mancozeb 80 WP	
SOJABONE **Sojaboonroes** (*Phakopsora pachyrhizi*)	**Grondtoediening:** 325 mℓ/ha	▸ Dien **DEFCON 250 EC** voorkomend toe, of sodra die eerste siektesimptome waargeneem word. Dien ’n tweede bespuiting 14 – 21 dae later toe. ▸ Gebruik die korter interval wanneer toestande gunstig is vir siekteontwikkeling (15 – 28 °C met hoë humiditeit). ▸ Indien siekteontwikkeling tydens blom of vroeë peulvul plaasvind, mag ’n addisionele toediening nodig wees. ▸ Indien infeksie laat in die seisoen plaasvind sal ‘n enkele bespuiting voldoende wees. ▸ Dit is noodsaaklik om deeglike bedekking te verseker.
TAFEL- EN WYNDRUIWE **Poeieragtige meeldou** (*Erysiphe necator* (voorheen *Uncinula necator*) Anam. *Oidium tuckerii)*	**Grondtoediening:** 12 mℓ/100 ℓ water	▸ Dien **DEFCON 250 EC** voorkomend as deel van ’n spuitprogram saam met swamdoders van verskillende FRAC groepe toe, in ’n voldektoediening wat deeglike bedekking tot die punt van afloop verseker. ▸ Begin toedienings wanneer lote 100 – 250 mm in lengte is. ▸ Herhaal toedienings met 14-dae intervalle en moenie die gespesifiseerde spuitinterval oorskry nie. ▸ Moenie **DEFCON 250 EC** toedien nadat die trosse toe maak nie. ▸ Moenie meer as vier (4) toedienings per seisoen oorskry nie. ▸ Verseker deeglike en uniforme bedekking van loof- en vrugsones regdeur die spuitprogram.

WATER VOLUME BENODIG VIR HOË VOLUME AANWENDING:

- Vir **tafeldruiwe**: Begin met ongeveer 500 ℓ/ha tydens vroeë lootgroei (lote 10 – 25 cm) en verhoog geleidelik soos die blaredak uitbrei tot ongeveer 1200 ℓ/ha wanneer volle blaredakontwikkeling bereik word.
- Vir **wyndruiwe**: Begin met ongeveer 250 ℓ/ha tydens vroeë lootgroei (lote 10 – 25 cm) en verhoog die spuitvolume namate die blaredak ontwikkel tot ongeveer 1000 ℓ/ha teen die ertjiekorrelstadium. Handhaaf hierdie spuitvolume vir die res van die seisoen.

TAMATIES
 	
Vroeë roes
(*Alternaria solani*)
	Hoë Volume Toediening:
	35 mℓ/100 ℓ water
	
	Lae Volume Toediening:
	350 mℓ/ha
	(newelblasers)
		▸ **Spuit Volumes:**
		  ▸ Hoë Volume Toedienings: 500 – 2000 ℓ/ha.
		  ▸ Lae Volume Toedienings: Via newelblaser.
		▸ Verseker deeglike bedekking ten alle tye.
		▸ Begin toedienings gedurende die blomstadium (ongeveer 8 weke na uitplant), of vroeër indien simptome van vroeë roes ontwikkel.
		▸ Onder toestande van lae vroeë roes-siektedruk en waar ander siektes nie van belang is nie, dien **DEFCON 250 EC** met 14-dae intervalle toe.
		▸ Onder toestande van matige tot hoë vroeë roes-siektedruk, of waar ander siektes ook beheer vereis, wissel **DEFCON 250 EC** toedienings met ’n geskikte geregistreerde breëspektrum swamdoder vanuit ’n ander FRAC groepkode af, teen 7-dae intervalle.
		▸ Gaan voort met die spuitprogram tot in die plukstadium (ongeveer 16 – 20 weke na uitplant).
		▸ Moenie meer as agt (8) toedienings van **DEFCON 250 EC** per seisoen oorskry nie.
		▸ Dien ’n geskikte geregistreerde breëspektrum swamdoder gedurende die voor-blomstadium, asook nadat **DEFCON 250 EC** toedienings gestaak is, toe.
		▸ **LET WEL: DEFCON 250 EC is nie effektief teen laatroes** (*Phytophthora infestans*) **nie.**

Raadpleeg die betrokke etikette vir GEBRUIKSBEPERKINGS, WAARSKUWINGS (insluitend WEERSTANDSWAARSKUWING), VOORSORGMAATREËLS en GEBRUIKSAANWYSINGS indien dit saam met DEFCON 250 EC in ’n tenkmengsel toegedien word.

SA-DC-001